

### Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA OLIESADE	DATUM 2019/11/02		DATUM 2019/11/29		+ - WEEK GELEDE 2019/11/25		+ - MAAND GELEDE 2019/11/04		+ - JAAR GELEDE 2018/12/04					
	Data		Δ	Δ%	Data		Δ%	Data	Δ%	Data				
Brent (\$/b)	60.72	-2.56	↓	-4.0%	63.28	↓	-2.7%	62.38	↓	-2.2%	62.06	↓	-0.7%	61.13
US\$: ? ZAR	14.65	0.030	↑	0.2%	14.62	↓	-0.6%	14.74	↓	-0.9%	14.78	↑	5.9%	13.83
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 140.86	54	↑	2.6%	R 2 086.98									
*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Dec + -12 : 00 the previous day														
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 945.55	107	↑	3.8%	R 2 838.53									
*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Dec + -12 : 00 the previous day														
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 718.70	-19	↓	-0.4%	R 4 738.04									
*CBOT Jan cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jan + -12 : 00 the previous day														
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)														
Mielies Dec '19	371.20	8.60	↑	2.4%	362.60	↑	0%	370.50	↓	-3%	383.20	↓	-8%	402.60
Koring Dec '19	547.20	18.80	↑	3.6%	528.40	↑	3%	531.00	↑	7%	509.60	↓	-1%	553.20
Sojabone Nov '19	876.60	-5.40	↓	-0.6%	882.00	↓	-2%	892.40	↓	-5%	925.60	↓	-8%	955.60
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))														
SORGHUM Spot '19	3469.00	0	↑	0.0%	3469.00	↑	0.0%	3469.00	↓	-6.2%	3700.00			
WMAZ Spot	2841.00	-31	↓	-1.1%	2872.00	↑	3.5%	2744.00	↑	4.7%	2714.00	↑	18.7%	2393.00
WMAZ Mar '20	2881.00	-27	↓	-0.9%	2908.00	↑	4.4%	2759.00	↑	4.2%	2764.00	↑	16.6%	2470.00
YMAZ Spot	2745.00	-6	↓	-0.2%	2751.00	↑	3.4%	2655.00	↑	2.3%	2683.00	↑	15.5%	2376.00
YMAZ Mar '20	2759.00	-4	↓	-0.1%	2763.00	↑	4.0%	2652.00	↑	1.5%	2717.00	↑	13.4%	2433.00
SOY Spot	5954.00	-62	↓	-1.0%	6016.00	↓	-0.6%	5990.00	↑	0.4%	5932.00	↑	27.0%	4690.00
SOY Mar '20	5995.00	-53	↓	-0.9%	6048.00	↑	0.1%	5990.00	↑	0.5%	5965.00	↑	24.1%	4832.00
SUN Spot	5414.00	-95	↓	-1.7%	5509.00	↑	1.2%	5352.00	↓	-1.6%	5500.00	↑	4.7%	5171.00
SUN Mar '20	5551.00	-55	↓	-1.0%	5606.00	↑	1.4%	5472.00	↓	0.1%	5548.00	↑	8.0%	5141.00
WHEAT Spot	4395.00	-10	↓	-0.2%	4405.00	↑	0.6%	4370.00	↓	-0.1%	4401.00	↑	5.0%	4187.00
WHEAT Mar '20	4509.00	-16	↓	-0.4%	4525.00	↑	0.7%	4478.00	↓	-0.9%	4550.00	↑	4.7%	4306.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/11/29	Bron: Oilworld			2019/11/15	2019/03/22	2018/04/30							
Soya-oil, Arg.	694				701	↑	1%	685	↑	3%	676			
Soya-pell, Arg.	318				326	↓	-2%	326	↓	-14%	368			
Soybean, USA	369				378	↓	-3%	379	↓	-10%	410			
USA Runner 40/50	1400				1400	↑	8%	1300	↑	8%	1300			
Sun-oil, Arg.	715				720	↑	8%	665	↓	-11%	800			
Sun-oil, Black Sea	725				730	↑	7%	675	↓	-3%	750			
Sunseed,Black Sea	370				365	↑	0%	370	↓	-10%	409			
Rapeseed, EU cif	427				431	↑	2%	417	↓	7%	399			
Palm oil Mal, EU	830				820	↑	15%	720	↓	-20%	1037			
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE														
<p><b>Sojabone:</b> Die Amerikaanse sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het ongeveer 3% laer gesluit vir die week. Die druk op die Amerikaanse mark kan hoofsaaklik aan internasionale faktore toegeskryf word. Die weerstoestande in Brasilië het verbeter wat gunstig is die vir die vordering van die aanplantings en die produksieomstandighede. Die Brasiliaanse geldenheid het tot nuwe laagtepunte verswak teenoor die dollar wat die Brasiliaanse pryskompetenderheid in die internasionale markte verhoog het en dus die Amerikaanse pryse onder druk geplaas het. In Argentinië is daar steeds gedeeltes waar die weerstoestande nie gunstig is vir die aanplantings nie. Alhoewel dit tans nog nie 'n krisis is nie, sal die weer binnekort moet verander om te verseker dat die aanplantings wel gunstig kan voortgaan. Die handelsgesprekke tussen die USA en China moet ook nog voortgaan en dit lyk tans nie of daar werklik vinnig ooreenkomste bereik sal word nie. Daar is wel optimisme in die mark vir die volgende rondte van onderhandelinge, maar die mark sal eers die werklike vordering wil sien eerder as om op die verwagte vordering te reageer. Die Argentynse sojaboonmeel uitvoere het die verwagtinge gedurende Oktober oortref en die gesamentlike September en Oktober uitvoere was 18% hoër as 'n jaar gelede se uitvoere. Die verhoogde sojaboonmeel uitvoere is as gevolg van die toename in die wêreld vraag van sojaboonmeel. Die sojaboonolie uitvoere het ook die verwagtinge gedurende September en Oktober oortref en dit het die verwerking van sojabone in Argentinië goed ondersteun. Daar is tans baie onsekerheid in Argentinië rakende wat die nuwe regering se besluite sal wees in verband met uitvoer tariewe op sojabone en sojaboon produkte. Die verwagting is dat die huidige tarief stelsel behoort te verander na 'n vaste tarief stelsel toe en die uitvoer tariewe verhoog sal word tot 35% vir sojabone en 20% vir sojaboon olie en oliekoek. Die nuwe regering word die 10de Desember ingehuldig. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik gemeng verhandel, maar het byna onveranderd afgesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die plaaslike plantseisoen het heelwat uitdagings met die reën wat later as normaal voorgekom het in die grootste produserende gebiede en dus die aanplantings vertraag het.</p> <p><b>Sonneblomsaad:</b> Die stroop proses van sonneblomsaad in die USA is stadig besig om op te vang met die gemiddelde stroop tempo, maar oor die algemeen is dit nog aansienlik stadiger as die normale stroop tempo. Die nuutste produksievorderingsverslag wat deur die USDA bekend gemaak was het aangedui dat slegs 56% van die Amerikaanse sonneblomsaad reeds gestroop is teenoor die 5 jaar gemiddelde tempo van 89% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. Alhoewel die vertraagde seisoen in die USA in 'n negatiewe impak op die sonneblomsaad produksie potensiaal gehad het kan die totale omvang van die opbrengs verliese nog nie met sekerheid vasgestel word nie. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Daar het ook nog minimale sonneblomsaad aanplantings plaasgevind hierdie seisoen.</p> <p><b>Kanola:</b> In Kanada het die verwerking van kanola gedurende Oktober 'n nuwe maandelikse rekord van 882 000 ton bereik wat die jaar tot datum verwerking vir die eerste drie maande van die jaar op 'n nuwe hoogtepunt van 2.48 miljoen ton te staan gebring het. In Kanada het die groot ou-seisoen voorraad, tesame met die lae kanola pryse en groot wêreld invoervraag na kanola olie en oliekoek die verwerking van kanola in Kanada gestimuleer in die eerste 3 maande van die bemarkingseisoen. <b>Plaaslik:</b> In die plaaslike mark was die produsente lewerings van kanola gedurende Oktober ongeveer 26% meer as die vorige seisoen se produsente lewerings gedurende Oktober. Die totale binnelandse verwerking was ongeveer 2.8% meer as die vorige jaar se totale verwerking gedurende Oktober.</p> <p><b>Grondbone:</b> In die USA vorder die stroop proses van grondbone goed en volgens die nuutste USDA produksievorderingsverslag is 96% van die grondbone reeds gestroop. Dit is meer as die 5 jaar gemiddelde tempo van 94% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. <b>Plaaslik:</b> In die plaaslike mark is daar gedeeltes waar daar reeds grondbone aangeplant kon word hierdie seisoen, maar goeie opvolg reën sal nou belangrik wees in hierdie gedeeltes van die land.</p>														
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za														